



Sondag, 7 Junie 2020

Tussen versplintering en veerkrachtigheid

2 Korintiërs 4:8: "... ons is oor raad verleë, maar nie radeloos nie..."

"There is a crack in everything, that's how the light gets in..."
(Leonard Cohen, Anthem).

Daar is krake in alles.

Versplinter in die eerste helfte van die jaar. Die Covid-19 hamer het vān mense lewens tot wêreld ekonomieë gekraak. Dié versplintering wil dit op die oomblik lyk, loop selfs deur Amerika. En is ons tans net seker dat ons onseker is oor wat die tweede helfte van 2020 gaan inhou. En dié wedstryd se einde? Wil dit veral blyk dat die kleipot (vs, 7) - óf is dit dalk kristalbal? - so maklik breekbaar is. Breekbaar en versplinter sou Paulus in 2 Korintiërs 4 sê deur verdrukking, verleë oor raad, vervolging en om op die grond neergegooi te word (vs. 8-9). In só 'n tyd van versplintering, kan ons egter sonder terneergedruktheid, radeloosheid of dat ons die gevaar loop om vernietig te word sonder God se teenwoordigheid, met veerkrachtigheid terugbons (vs. 8-9). Diep in gebed in Paulus se paradoksale belewenis van die lewe, word die oorsprong van die vermoë om terug te bons in die Pinkstertyd, gevind in die versplintering aan die kruis en ironies genoeg ook van die dood (vs. 10-11). Dit is juis dié nuwe uitsig oor die kruis visier en leë graf wat vra dat ons met nuwe oë na onself sal kyk ten einde te onderskei waarop dit werklik aankom (vs 13-15). Dié nuwe vistas word wéer vanoggend in die sien van die brood en wyn ontsluit. Dan sien 'n mens die onsienlike duideliker as die sienlike en verander die tydsgewrig van moedeloos na hoopvol (vs. 16-18). Breek saam met Paulus in die paradoks en antitese van die lewe, veerkrachtigheid vanuit versplintering los, met nuwe sin én moed vir 'n tyd soos hierdié.

Dit is só... daar is krake in alles.

En tog, dit is deur dié krake waaruit die lig skyn.

Daarom oor raad verleë? Inderdaad. Maar nooit radeloos nie.

Jan-Albert van den Berg

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur prof. Jan-Albert van den Berg en ons orrelis, dr. Johan Cromhout. Die diens is vooraf opgeneem in die kerkgebou en word via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *YouTube-kanaal* na al die huise in ons gemeente en verder uitgestuur.
Ons wens jou 'n geseënde Nagmaalsdiens toe.

LITURGIE

Tussen versplintering en veerkragtigheid...

“...ons is oor raad verleë, maar nie radeloos nie...”(2 Kor. 4:8)

Moment vir stilgebed:

Introïtuslied: Lied 279 *Hoor ons sug, o Heer*

Votum: 2 Korintiërs 4:18

Seëngroet:

Loflied: Lied 450:1-2 *Vader, Seun, Heil'ge Gees*

Gebed:

Skriflesing: 2 Korintiërs 4:7-18

Teksvers: “... ons is oor raad verleë, maar nie radeloos nie...” (2 Korintiërs 4:8)

Tema: Tussen versplintering en veerkragtigheid....

- Versplintering van die/my lewe (vs 7)
- Uitkoms in die paradokse van die lewe (vs 8-9)
- Nuwe vistas ontvou (vs 10-11)
- Veerkragtigheid te midde van die paradokse van die lewe (vs 12-15)
- Tussen versplintering en veerkragtigheid is nuwe moed (vs 16-18)

Uitnodiging om aan te sit by die tafel:

Ter verootmoediging: Lied 241:2 *Troue Here van my lewe*

Vryspraak

Gebed

Nagmaal: Tekens instel en gebruik

Gebed: Lied 303: *Eet die brood*

Gebed in die vorm van Geloofsbelydenis

Slotlied: Lied 454:1-3 *Vader, ons eer U*

Seën:

Orrelspel: Lied 241 Alle menschen müssen sterben – Verw. Chris Lamprecht

Met besondere dank aan: Dr. Johan Cromhout; Ampie Human; Danie Joubert;
RW Adendorff; Adri van den Berg, Magriet Zietsman (blomme) en Rita van Zyl vir bydraes om die
erediens en opnames moontlik te maak.

MEELEWING EN VOORBIDDING

Geluk aan almal wat vandag en in hierdie week verjaar:

07 Junie Caden Vance.
08 Junie Lalie Grobbelaar, Ulie Grobbelaar, Bart Laubscher en Joubert Zietsman.
09 Junie Hester de Wit, Renette Griesel en Marcel Theunissen.
10 Junie Grace de Goede, Thys du Plessis en Emiel Jonker.
11 Junie Sonia Fourie en Morkel Steyn.
13 Junie Janet Kleynhans.

Ons dink in gebed ook aan lidmate wat siek is, in hospitale of tuis: Tannie Mietsie Bezuidenhout (Poulteneyst. 12, wyk 6a); Marichen Pietersen (Serenitas 67, wyk 15a); Danie Strauss (Kapt. Goodmanstr. 3, wyk 1b); Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a); Dirk Nel (Maxzell 2, Colbiestr., wyk 13b); Ina Snyman (Oliewenlaan 10, Noorderbloem, wyk 17) en John Eager (gereelde besoeker aan ons Taizédiens).

Ons innige meegevoel –

Ons as gemeente se harte is seer saam met oom Danie Rossouw en hulle familie met die afsterwe van sy vrou, tannie Marie Rossouw. Die roudiens is deur ds. Jan Lubbe gelei in die afgelope week. Ons bid vir die Here se troos in hierdie moeilike tyd.

***“God is vir ons ’n toevlug en ’n beskerming.
Hy was nog altyd bereid om te help in nood” – Psalm 46:2***

Geliefdes van Christus in Berg-en-Dal,

1) Eredienste is die gemeente se ontmoeting met mekaar en met die lewende Here. Hoewel hierdie ontmoetings in hierdie tyd anders lyk, is dit steeds ’n kosbare band wat ons as gemeente saambind. Ons moedig u aan om getrou in te skakel via ons webblad, *Facebook*, *YouTube-kanaal* of op u selfoon via *WhatsApp*. Stuur asb. ook die skakels na die eredienste so wyd as moontlik aan. Die Bestuursraad het besluit dat hierdie reëling, van vooraf opgeneemde eredienste, vir die huidige gehandhaaf word, totdat daar meer duidelikheid is oor die presiese regulasies tydens vlak 3 van die inperking. Die kerkraad sal u so spoedig moontlik inlig oor hoe kerklike byeenkomste in die toekoms hanteer gaan word.

Vanoggend 7 Junie 2020 is Nagmaal. Die erediens word deur prof. Jan-Albert van den Berg gelei. Berei gerus voor vir hierdie kosbare geleentheid sodat u die Nagmaal tuis saam met die gemeente kan vier. (Onthou om te sorg dat u wyn of druiwesap beskikbaar het en brood om saam te breek)

Sondag 14 Junie 2020 : Erediens – ds. Johan Marais

2) Kategese - Vir die Juniors en tot Graad 7 word die inligting na ouers uitgestuur – (Ouers moet asb. hulle kinders hierin begelei. Hierdie is ’n kosbare geleentheid om weer ’n geestelike gesprek met u kind te hê). Die Seniors ontvang hulle kategete materiaal direk van hul kategete.

3) Ds. Jan Lubbe is met langverlof tot 9 Julie 2020. Kontak gerus vir ds. Johan Marais vir enige dringende sake.

4) Die personeel van die kerk werk steeds in hierdie tyd vanaf hulle huise af - die kerkkantoor by die kerkgebou bly dus gesluit. Die personeel is egter beskikbaar en kan op die volgende wyses gekontak word: WhatsApp-nommer: 073 180 3193 of skakel Rita by 083 656 1680.

5) Die gemeente is tans by verskeie uitreikaksies betrokke waar mense in nood gehelp word. 'n Besondere woord van dank aan elkeen wat hierby betrokke is en dit moontlik maak vir die gemeente om so te help. Dankie vir elkeen wat brood smeer, bydraes maak finansiëel en andersins. Die gemeente kon ook in die afgelope tyd, vir gemeenskappe in nood, noodsaaklike toiletware aan kinders voorsien, asook ander gemeentes help wat spesifieke projekte het waar hulle mense in nood bystaan. Ons weet ook dat baie gemeentelede in hulle private hoedanigheid betrokke is by noodverligting. Wat 'n kosbare voorreg om op hierdie wyse in die Here se koninkryk werksaam te wees. Maar al ons dank aan die Here dat Hy ons help om tot hulp te wees.

6) Finansies: Inligting oor Berg-en-Dal se Noodfonds, dankoffers, eredienskollekes en barmhartigheidshulp in hierdie tyd is steeds op Berg-en-Dal se webwerf beskikbaar – (laai die Pastorale brief af in hierdie verband). SnapScan, 'n nuwe opsie om jou bydrae te stuur is beskikbaar – die skakel vind u onderaan of aan die einde van die erediensvideos. (Na aanleiding van versoeke oor hoe om van SnapScan gebruik te maak, plaas ons weer die instruksies hier – dit is ook op die gemeente se webtuiste beskikbaar) Die gemeente is steeds afhanklik van elkeen se bydrae om voort te gaan met die werk. Die kerkgebou se deure is dalk tydelike gesluit om lewens te beskerm maar die bediening gaan voort. Die eise wat hulp aan mense in nood aan die gemeente stel groei daagliks. Ons bankrekeningnommer is steeds: Absa Berg-en-Dal, Absa Tjekrek. 470-580-011.



Besoek gerus Berg-en-Dal se webwerf: www.bergendalkerk.co.za

Facebook: NG Kerk Berg-en-Dal

Op berge en in dale, oral voor Gods aangesig.